


**Een van Anton Karstel se skilderye wat tans by João Ferreira Fine Art in Kaapstad gewys word.**

# Kuns eggo tussen hede en verlede

**COBUS VAN BOSCH**

**EXTRACT, 'n tentoonstelling van skilderye deur Anton Karstel. In Joa˜o Ferreira Fine Art, Houtstraat 80, Kaapstad. Tot 31 Maart.**

HIERDIE reeks van agt skilderye slaag daarin om gelyktydig twee baie verskillende stoele raak te sit. Aan die een kant het ons te doen met realisties geskilderde stadstonele – figuratiewe kuns – en terselfdertyd opper hul teenwoordigheid talle vrae rondom kuns en die politiek van voorstelling.

Karstel het agt skilderye gemaak op grond van swart/wit-kiekies van Johannesburg, Kaapstad en Port Elizabeth wat dateer van die begin van die vorige eeu. Dit is alledaagse straattonele, vol mense, Victoriaanse geboue, perdewaens en trems, uitgevoer met gebroke kwashale in 'n impressionistiese styl, terwyl die kleur beperk is tot skakerings van grootliks bruin en roeskleure. Kortom, dit lyk nes skilderye wat 100 jaar oud is.

En dis juis op hierdie punt waar dinge interessant begin raak. Want wanneer 'n mens uiteindelik verby die verleidelike kwashale, die tasbaarheid van die verf en die spokerige atmosfeer kyk, en die aardigheid van so 'n realistiese glimps van 'n vervloë era begin afneem, begin jy vrae vra. Soos: Waarom vandag nog die, so lyk dit, tipe kuns maak as dit reeds die wêreld se galerye volhang? Is daar 'n verband tussen hierdie "ou" skilderye en eietydse kuns met sy klem op "nuwe" mediums, konseptualiteit en kommentaar?

"My werk is nie 'retro' nie," sê Karstel egter. "Dit is 'n fout om te dink hierdie skilderye is net soos die kunswerke van destyds. Wanneer ek werk soos hierdie skep in die tydvak waarin ons nou is, hou dit vele implikasies in ten opsigte van byvoorbeeld geheue, die kyk vanuit een tydperk na 'n ander, of die invloed van fotografie op ons manier van waarneem. Daar is baie dinge omtrent hierdie werke wat dieper aansny as net 'n prent met 'n verleidelike oppervlak."

Hoewel die historiese foto dien as grondslag van hierdie skilderye, blyk dit dat herdokumentasie of oorvertelling van die feitelike inderdaad nie is wat Karstel hier in die eerste plek beoog nie. Want hoe nader jy aan die verfoppervlak kom, hoe minder word die inligting terwyl mense, geboue en lamppale oplos in 'n ondefinieerbare massa van kleur en tekstuur. Dis asof die werke iets eggo van die dinamika van geheue – hoe verder dit terugstrek, hoe meer word detail verdring deur 'n groter, vaer prent tot daar uiteindelik net die bewussyn van 'n stemming oorbly.

Maar ander vrae, meer polities van aard omdat ons immers in Afrika is, kan ook gevra word: Praat hierdie werke van 'n nostalgie oor 'n era van imperialisme? Miskien – Karstel sê hy wil geheue beklemtoon en 'n empatie teweegbring vir 'n realiteit wat tot vergetelheid geliasseer is. "Ek wil hê die oppervlak (van die skildery) moet tussen die verlede en die hede eggo." Met ander woorde die verlede lewendig maak.

Of hierdie skilderye dus 'n politieke daad is, of een bloot gebore uit 'n fassinasie met 'n ander tyd en wêreld, kan oor gedebatteer word. Maar hoewel verf verromantiseer en ons hier met skilderye te doen het, bly dit bykans ten volle gegrond op die gegewens en komposisie in die egte foto's. Niemand kan na die verlede kyk sonder die bril van nakennis nie. Of is dit juis wat Karstel probeer om te doen? Die verlede te probeer wys soos dit destyds vasgepen is (iets wat in sigself baie van destydse wêreldbeskouinge verklap) en gevolgtrekkings oorlaat aan die kyker?

Hoewel Karstel self ontken dat hy sekere ideologieë probeer steun, en beslis 'n posisie daarbuite wil inneem, is hy deeglik bewus daarvan dat mense dit tot die teendeel kan vertolk. "Die werke hét 'n imperiale kleur, en ek het dit juis as gevolg daarvan gekies. Ek is bewus van hierdie assosiasies en ek wil hê hierdie dinamiek moet die werk betree."

En wat van die tradisie van kuns, spesifiek die avant garde-tradisie om gevestigde tradisies te ondermyn? "Hierdie skilderye is nie sonder implikasies nie. Die blote feit dat ek in hierdie tyd en plek werke skep (wat dit per definisie eietyds maak), maar wat lyk of dit formeel en inhoudelik nie hier hoort nie, is betekenisvol. En dis nie net die skilderye wat tydspronge maak nie, maar ek self ook. Wanneer ek skilder, raak ek deel van die wêreld op die doek."

Vir Karstel is hierdie koers maar net die begin. "My plan is om ook dokumentasies van stede in ander wêrelddele te ondersoek. Daar is iets soortgelyks in hoe 'n stad, of dit nou Kaapstad of New York is, destyds of gelyk het of gedokumenteer is."